

Die Groot Dors

“Ek het dors” (Joh. 19:28)

Stel jou voor, die Een wat die waters van die mere, die riviere en die see gemaak het, moet uitroep: *“Ek het dors!”*

Die dors is veroorsaak deurdat Jesus vir ure in die warm son aan ’n kruis moes hang (Mark. 15:25, Mark. 15:33-34). Maar is Sy dors nie ’n plaasvervangende dors wat die geestelike dors van ’n verwarde, verlore, gebroke wêreld verteenwoordig nie? Sy dors was die dors van ander, van my en van jou en van die hele wêreld! Sy lyding op die kruis, wat die verskriklike dors ingesluit het, was die volvoering van God se heilsplan vir die wêreld. Op die kruis het Hy die straf gedra wat ons verlos van die vloek van die wet en van die sonde (Deut.28, Gal.3:13). So ook was die kroon van dorings op Sy kop ’n simbool van die vloek op sonde wat Hy moes dra (Gen. 3:18).

Die soldate se siniese reaksie om Jesus se dors met ’n spons vol asyn op ’n hisopstingel te probeer les, was ’n vervulling van die profetiese daad van die bloed van die lammers wat met hisopstingels deur die Israeliete aan hulle deursnyde gesmeer is wat hulle van die doodsengel beskerm het (Ex.12:22).

(Hisop simboliseer ontsondiging en reiniging:

“Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu” (Ps. 51:9, Lev.14:4-7, 48-53, Num.19:1).

Geestelike dors word geles deur geloof in Jesus se plaasvervangende reddingsdaad op die kruis:

“As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo...” (Joh. 7:37).

“...elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word ’n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe” (Joh. 4:14).

Nick Maartens

Jeffreysbaai

0827826074